

Maandag 16 September

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-25

Fokusgedeelte: Romeine 8:18, 19

Ons roemryke hoop in Jesus Christus

In die wêreld van vandag sien ons baie lyding en swaarkry raak. Sit mens die nuus aan of lees mens net so bietjie die kommentaar op sosiale media, dan word ons gebombardeer met swaarkry, lyding en absolute hopeloosheid. In werklikheid sien ons nog die effek van sondeval.

Die hele skepping ly onder die mens se sonde. Dink maar aan al die ellende en swaarkry wat ons vandag sien, voel en beleef. Die hele skepping sien egter daarna uit en sug om bevry te word van hierdie lyding en hierdie aardse verganklikheid! Ons troos is dat ons erfgename van God is en Jesus Christus het reeds ons plekke by ons Hemelse Vader voorberei en gereed gemaak.

Ons het die vaste hoop dat ons mag glo dat God ons vrysprek net omdat ons glo! En dit is vir ons 'n troos, veral as ons die lyding en swaarkry hier om ons beleef en aanskou. Ons as kinders van die Here lewe tog *in* die wêreld, maar ons is nie *van* die wêreld nie! Ons moet egter elke dag teen ons ou sondige natuur stry terwyl ons nog in hierdie wêreld lewe.

Maar wat wonderlik is, ons as Christene lewe nie net in die wêreld nie, ons lewe ook in Jesus Christus ons Here! Ons sien nie net die gevolge van die sondeval in die wêreld nie, ons sien ook die krag van God se genade en sy oorvloedige liefde in die skepping raak, daarom is die grondtoon van die Christen se lewe altyd die roemryke hoop in Jesus Christus, nie swaarkry en verdriet nie. Ons wag nie vir die dood nie, maar vir lewe!

Lewe dan elke dag met die vaste wete dat jy God se eiendom is en dat jy in Christus 'n eindelose hoop het!

Sing: Skrifberyming 18-6:1-5

Ds. EJ van Jaarsveld (Janré) (Tsumeb)